



Blitz 58/2017 – 30/11/2017

SAOU - Lei, Leer & Inspireer / Lead, Learn & Inspire

RESPONS OP VIDEO OP 24 NOVEMBER 2017 VAN ONDERHOUD MET DIE LUR VIR
ONDERWYS IN GAUTENG, MNR LESUFI



DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

NATIONALE KANTOOR
NATIONAL OFFICE

t: 012 436 0900 | 086 072 6843 e: saou@saou.co.za f: 012 348 9658 w: www.saou.co.za



2017-11-29

Mnr Barnard Beukman
Die Redakteur
Beeld

Geagte mnr Beukman

**RESPONS OP VIDEO OP 24 NOVEMBER 2017 VAN ONDERHOUD MET DIE LUR VIR ONDERWYS IN
GAUTENG, MNR LESUFI**

Die SAOU het heftige reaksie ontvang op die stellings wat tydens die video-onderhoud gemaak is, en veral die feit dat ander rolspelers in die onderwysgemeenskap nie ook geraadpleeg is nie. Die persepsie is dat 'n *carte blanche* aan die LUR vir Onderwys voorsien word om sonder vrees vir teenspraak uitsprake te maak.

Die SAOU, wat meer as 37,000 opvoeders by meer as 4,000 skole verteenwoordig, stem volmondig met die LUR saam dat daar nie meer plek is vir rassisme en meerderwaardigheid in skole nie. Maar, hy maak tog werklik aanvegbare stellings wat nie bloot onbeantwoord in die lug kan bly hang nie.

Hy maak die stelling dat die voorgestelde wysigings aan die SA Skolewet hom in staat sal stel om aan skole te kan voorskryf wat hulle bepaalde taalbeleid sal wees. Soos reeds voorheen deur die SAOU voorspel hang die onderrok van sy politiekgedrewe ideologie duidelik uit. Dit beaam juis een van die groot vrese van die SAOU dat die wysigings absoluut misbruik sal word deur onverantwoordelike politici wat hulle politieke ideologiese standpunte op skole sal wil afdwing. Die Wetsontwerp, soos voorgestel, sal ongetwyfeld openbare skole terugneem na 'n era waar elke skool 'n verlengstuk is van die politieke owerheid van die dag. Soos reeds voorheen gestel daar is nie een wysiging wat die kwaliteit van onderwys sal verbeter nie.

Dit is baie duidelik ook dat die LUR nie die onderskeid kan tref tussen die taalgroepe van leerders en die taal van leer en onderrig wat by 'n bepaalde skool gebruik word nie. Dit is alombekend dat Afrikaanse skole ook hulle taalaanbieding uitbrei om Engels in te sluit. Verder is dit ook 'n gegewe dat Engels die taal van leer en onderrig is en dat die ander inheemse tale slegs as taal van leer en onderrig in grade 1 tot 3 gebruik word. Dit is juis die Afrikaanse skole wat die beste voorbeeld van rasse transformasie toon.

Daar word breedspakig gemeld dat as 'n skool meerdere tale van onderrig en leer aanbied die Departement addisionele opvoeders voorsien. Dit is van alle waarheid ontdaan omdat die amptelike posvoorsieningsmodel nie daarvoor voorsiening maak nie. As hy enigsins betrokke was, en hy moet

wees, sou hy bewus gewees het van hierdie feit.

Dit is baie duidelik ook dat hy nie begrip daarvoor het dat 'n skool op 'n bepaalde punt as vol geag word nie. As daar verby hierdie kritiese punt beweeg word, is daar te veel negatiewe impakte op die onderwys as om nou hier te wil vermeld. In dié opsig is die enigste afleiding wat gemaak kan word is dat hy meer belangstel in politieke ideologie as om sy fidusiêre verantwoordelikheid as politieke opperhoof met verantwoordelikheid uit te oefen. Die fokus moet veel eerder wees op die redes waarom hy nie die skole bou wat sy begroting voor voorsiening maak nie. Dit is 'n klaaglike getuigskrif van sy onvermoë om die skoolbouprojek van stapel te stuur.

'n Aspek wat werklik soos sand tussen die tande voel is sy breedsprakige uitspraak dat hy presies weet hoe die Afrikaanse gemeenskap dink. Dit getuig van 'n betersweterige en 'n gevaarlike hovaardige houding. Sy stereotipering van gemeenskappe is absoluut onaanvaarbaar. Hy sal dit allermins aanvaar dat ander persone dieselfde houding ten opsigte van sy kultuur en taal inneem.

Sy herhaaldelike verwysing na die feit dat hy nie 'n wraaksugtige houding inneem as gevolg van die onregte van die verlede nie, reflekteer eintlik doodgewoon die gesegde, Wat die hart van vol is, loop die mond van oor. Dit is baie duidelik dat hy steeds vasgevang is in die pre-1994 modus en dat hy agter politiek-korrekte uitsprake skuil om sekere gemeenskappe te teiken. Dit getuig van niks anders as 'n rassitiese aanslag nie, juis dit wat hy voorgee hy graag ten alle koste wil beveg.

Dit is ook onaanvaarbaar dat die onderhoudvoerder die LUR toegelaat het om met halwe waarhede en aanvegbare stellings te laat wegkom. Dit sou deug om ook vooraf met ander rolspelers gesprek te voer, of ook opvolgonderhoude met sodanige persone te voer.

Die SAOU vertrou dat Beeld in die toekoms nie net sal staatmaak op die standpunte van politici nie maar ook ander rolspelers in die onderwysgemeenskap sal nader.

Met agting en vriendelike groete

JC KLOPPER
UITVOERENDE BEAMPTE